MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 8/2025 **29 Mei 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Mental health is not just the absence of mental illness. It's not just the absence of pain. It's emotional, physical, and social well-being.

Meghan McCain

Ek wil graag elke prefek, Midstreamraadslid en leerder bedank wat bygedra het tot die groot sukses van verlede week se geestesgesondheidsweek. Die kwartierslaapperiode na die toetse Dinsdag, die *pajama*-dag en gepaardgaande kaalvoet loop om die Bondev-veld vroegoggend op Woensdag en die piekniek Vrydag was enkele van die hoogtepunte. Ons leef ongelukkig in 'n tyd waar almal bewus is van 'n gebreekte been, maar baie min bewus is van geestelike sake waarmee leerders daagliks wroeg.

Ek wil opnuut 'n beroep op ouers en leerders doen om asseblief oor aangeleenthede wat hulle pla te praat, hoe nietig ook al. Ek glo alle leerders het sekere onderwysers met wie hulle 'n goeie verhouding het. Moedig hulle gereeld aan om hulle bekommernisse te deel. Ouers, hou asseblief julle kinders fyn dop, veral tydens die komende eksamen. Enige skielike verandering in gemoedstoestand, welstand of selfs gewigsverlies is 'n wekroep om hulp. Kom ons vat hande, en help ons kinders om al vandag se uitdagings te omarm en te oorwin.

Die meeste wintersporte se ligas is vinnig besig om tot 'n einde te kom. Dankie vir die massadeelname. Dit was 'n riem onder die hart om 11 meisiehokkiespanne Saterdag op ons twee astro's in aksie te sien. Baie sterkte vir die hokkie-, netbal- en rugbyspanne se voorbereiding vir hul laaste wedstryde, asook hul onderskeie uitspeelwedstryde.

Ek glo elke leerder is bewus daarvan dat die Junie-eksamen reeds volgende Saterdag begin. Ek hoop hulle het reeds begin studeer of minstens begin beplan om te studeer 😊. Dit is baie belangrik dat julle kinders al hulle vraestelle skryf. Vergewis julle dus van die besonderhede rondom afwesighede en die inhaal van vraestelle. Sterkte ook aan ons matrikulante wat 'n strawwe drie weke van akademie tegemoet gaan waarin die "rug" van die kurrikulum in menige vakke gebreek word.

Laastens, dankie aan elke ouer wat die College op menige terrein ondersteun: Langs die sportveld, in kultuursale, by Clubstream en ook op my konsulterende forum om maar enkeles te noem. Sien verder in die nuusbrief hoe u ook by akademie betrokke kan raak. U ondersteuning maak 'n groot verskil. Daar sal weer op Donderdag 12 Junie om 07:30 'n Koffie-met-Carel geleentheid in die HUB wees. Ek hoop om baie van u daar te sien vir 'n informele gesprek oor die College. RSVP via die volgende skakel K-M-C indien u dit graag wil bywoon.

SELFONE BY DIE SKOOL

Na gisteraand se aanbieding oor die Digitale Dilemma deur dr Anke de Beer, wil ons u herinner aan die aanbieding op 4 Junie om 18:30 in die ouditorium. Hierdie geleentheid fokus op hoërskoolouers. Ons is tans besig om ons selfoonbeleid te hersien, en wil graag u insette tydens daardie gesprek kry.

SKOOLDRAG

Leerders skakel op 2 Junie oor na volledige wintersdrag, maar sal ook toegelaat word om die volledige skoolsweetpak tot 1 Augustus te dra.

Let asseblief op die volgende reëls rakende die dra van sweetpakke:

- Slegs die volledige sweetpak word toegelaat. Die sweetpaktop mag nie buite 'n akademiese klas uitgetrek word nie.
- ‘n LO- of huishemp moet onder die sweetpak gedra word.
- Hardloopskoene – GEEN Tommy-tekkies, *pumps, crocs* of skoolskoene mag saam met die sweetpak gedra word nie.
- Wit sportsokkies word saam met die hardloopskoene gedra – geen *funky-socks* of gekleurde kouse nie.
- Ander voorkomsreëls (reëls vir hare, grimering en juweliersware) is steeds van toepassing.

Die reëls t.o.v. leerdervoorkoms is op die skool se webblad beskikbaar.



MIDSTREAM COLLEGE-HANDELSMERK

Van tyd tot tyd gebeur dit dat ouers hulle inisiatief gebruik en vir hulle kinders se span of vir ‘n toer items soos t-hemde en sportsakke laat maak. Ouers word daarop gewys dat die woorde Midstream College en die skoolwapen geensins sonder die skool se toestemming op sulke items gebruik mag word nie. Ouers word versoek om mnr Swart (lswart@midstreamcollege.co.za) te kontak voordat sulke items vervaardig word.

AKADEMIE

Klik op die skakel vir akademiese inligting.

SPORT

Klik op die skakel vir sportuitslae.

KULTUUR

Klik op die skakel vir kultuuruitslae.